SUIDWES
Beleggings

TENDER

VERKOOP VAN ROERENDE BATES

Tenders word ingewag vir 'n verskeidenheid roerende bates by die Suidwes Groep Hoofkantoor:

BESKRYWING	BATE NOMMER	LIGGING	KONTAKPERSOON	KONTAKNOMMER
Roerende bates, waaronder staalrakke, ou yskaste, staal - saag, uitgediende rekenaartoe-rusting, werkbank, stoele ensovoorts.	Verskeie	Leeudoringstad	Ronnie Kemp	083 430 4097

TENDERVOORWAARDES

- Tender eenmalig vir die aankoop en verwydering van die roerende bates.
- Tender vir die items per bondel (BTW ingesluit).
  (Die items is in bondels gepak en daar word per bondelnommer getender en nie vir elke item afsonderlik nie.)
- Suidwes behou die reg voor om die afsonderlike items of bondels aan verskillende tenderaars te verkoop.
- Die roerende bates word voetstoots verkoop en elke tenderaar moet hom- of haarself op hoogte stel van die toestand daarvan. Suidwes sal nie vir enige gebreke in die roerende bates, hetsy latent of sigbaar, aanspreeklik wees nie.
- Besigtiging van die roerende bates sal plaasvind op 25 November 2009 ('n dag voor die sluitingsdatum vanaf 08:00 tot 17:00) met die kontakpersoon en by die nommer soos hierbo aangedui.
- Elke tenderaar moet self die inligting van die roerende bates kontroleer ten opsigte van beskrywing, toestand, ensovoorts, voordat tenders ingedien word. Hoewel Suidwes poog om die korrekte besonderhede in hierdie verband beskikbaar te stel, sal Suidwes nie aanspreeklik wees indien enige van die besonderhede rakende die roerende bates nie korrek is nie.
- Die finale toekenning van die tender(s) berus in die uitsluitlike diskresie van Suidwes, wat die reg voorbehou om nie enige tender toe te ken nie of slegs gedeeltes van 'n tender toe te ken. Die hoogste of enigste tender sal nie noodwendig aanvaar word nie. Suidwes sal nie enige inligting in verband met enige tender wat ontvang is, aan enige persoon beskikbaar stel nie.
- Met die toekenning van die tender gaan die volle risiko en verantwoordelikheid in en ten opsigte van die roerende bates oor op die koper en Suidwes sal daarna nie aanspreeklik wees vir enige skade wat op welke wyse ook al daaraan ontstaan nie of aanspreeklik wees indien die roerende bates gesteel word nie.
- Die koopsom moet binne sewe dae na toekenning van die tender betaal word en die roerende bates moet binne tien dae na die betaling daarvan van Suidwes se perseel verwyder word.
- Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om met **Ronnie Kemp** (by die nommer hierbo) in verbinding te tree vir die afhaal van die roerende bates en om die betrokke kontakpersoon vooraf in kennis te stel van die datum waarop dit verwyder sal word; om die perseel waar die roerende bates gelaai word heeltemal skoon te laat; om van sy eie personeel en toerusting gebruik te maak om die roerende bates te laai, en om die roerende bates te laai soos wat dit op die perseel voorkom – indien hy die stukke wil kleiner maak, moet dit op eie koste en met eie personeel en toerusting gedoen word. (Geen elektrisiteit sal deur Suidwes by die punte voorsien word nie.)
- Indien die koopsom nie binne tien dae na toekenning van die tender betaal word nie, sal Suidwes geregtig wees om die tender met onmiddellike effek te kanselleer, sonder benadeling van enige ander regte van Suidwes.
- Besit van die roerende bates sal slegs by betaling van die volle koopsom aan die koper gegee word.
- Tenders moet in verseëlde koeverte in die **"Tenderposbus" by die ontvangslokaal van die Suidwes Groep** se Hoofkantoor te **Voortrekkerstraat, LEEUDORINGSTAD**, geplaas word nie later nie as ***26 November 2009*** om 12h00.
- Skryf duidelik op die koevert: **"Tender vir roerende bates".**
- Tenders sluit op ***26 November 2009*** om 12h00.
- **Besigtiging 25 November 2009** van 08:00 tot 17:00
- Slegs tenders wat op daardie datum en tyd in die tenderposbus is, sal oorweeg word. Geen fakse of elektroniese tenders sal oorweeg word nie.
- Die onus rus op elke tenderaar om self seker te maak dat sy tender in die tenderposbus geplaas is.

INDIEN 'N TENDER DEUR SUIDWES AANVAAR EN TOEGEKEN WORD, SAL DIT 'N KOOPOOREENKOMS TUSSEN SUIDWES EN DIE BETROKKE TENDERAAR DAARSTEL, WAT ONDER ANDERE, BETEKEN DAT LAASGENOEMDE VERPLIG SAL WEES OM DIE TENDERPRYS TE BETAAL EN OORDRAG VAN DIE BATE TE NEEM. DIE OOREENKOMS SAL TOT STAND KOM WANNEER SUIDWES DIE TENDER AANVAAR EN IS NIE ONDERHEWIG AAN ONTVANGS VAN BEVESTIGING DAARVAN DEUR DIE KOPER NIE.